NOTULE VAN DIE MIDBRAKBELASTINGBETALERSVERENIGING SE UITVOERENDE KOMITEEVERGADERING nr5/2022, GEHOU OP WOENSDAG 3 AUGUSTUS 2022 OM 18:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSENTRUM.

1. VERWELKOMING: Spesiale verwelkoming aan Dir. Dick Naidoo, Mnr Morné Olivier en Raadslid Annatjie Jv Rensburg.

2. OPENING: Vergadering word deur Ds. Paul du Plessis met gebed ge-open.

3. Verskonings: Rdl Anton Dellemijn, Gerhard Koorts, Frik Nel en Johan Spies. Eddie du Plooy het bedank as Komiteelid.

4. SPREEKBEURT/VOORLEGGING: MNR MORNÉ OLIVIER – DIR DICK NAIDOO
   Hierdie was ‘n baie insiggewende voorlegging en het verseker meer duidelikheid aan die publiek gegee rondom hoekom daar soms probleme is na beurtkrag, hoe die beurtkrag en skakelings werk, hoe dit areas uiteengesit is en hoe die munisipaliteit pro-aktief optree.
   Die onlangse opgraderings is verduidelik en ons almal het die versekering gekry dat daar genoegsame voorsiening gemaak is om die groei van die area te diens.
   Die situasie rondom sonkrag en volhoubare energie was baie interessant. Moontlike kostes in hierdie verband is ook verduidelik.

5. SAKE OORGESTAAN TOT DIE VOLGENDE VERGADERING:
   - Opgradering van Reebok gemeenskapsentrum – Robin Fick
   - Plant van bome op sypaadjies
   - Stormwater probleme
   - Padtekens in die Spoorreserwe
   - Herstelwerk – Kusweg
   - Pligstaat – vir bespreking indien nodig.
   - Buurtwag: Frikkie Rheeder doen verslag. (Geluk wense gedoen vir ‘n uitstekende openbare vergadering. Dit is die moeitewerd om by te woon.)
   - Bewarea: Robin Fick doen verslag.

6. PUNTE BESPREEK:
   <u>6.6) Plasing van molloks in plek van vullishokke.</u>
   Die terugvoer is dat daar nie meer ‘n molloks geplaas gaan word nie. Vullis sal voortaan weggegooi word by die “tiep”.
   <u>6.7) Impalaweg 82 en Impalaweg 84</u>
   Gerhard het fantastiese werk gedoen met die opvolg hiervan. Hy het die munisipalitiet in ‘n blik gedruk en die bouinspekteur was uitgestuur en fotos is geneem. Dit lyk of dit vorder.

7. TOEKOMSTIGE SPREKERS VAN DIE MUNISIPALITEIT
   By die volgende openbare vergadering gaan ons die boubeheer afdeling uitnooi om te kom. George sal die uitnodiging uitstuur.

8. FINANSIES – TESOURIER: CECIL BARRY
   Daar is R150.00 ontvang by die openbare vergadering. Kleinkas: R1307.10

Die proses om die bankrekening te skuif na ‘n ander bank is in proses. Die vorige notule is deur al die lede teenwoordig, geteken. Cecil sal ‘n afskrif hiervan kry vir die bank.

9. OPKOMS VAN OPENBARE VERGADERING
Dit opkoms was nie baie goed nie en is dit moontlik dat die boodskap nie voldoende genoeg versprei word na die publiek nie. René Bongers gaan uitvind of dit moontlik is dat die Buurtwag toekomstige kennisgewings via hul WhatsApp groep uitstuur namens die MBBV.

10. VOLGENDE VERGADERING: 7 SEPTEMBER 2022